19 Julie 2020

Hoërskool Kategese

Romeine 8:12-25

wat wil jy vandag bereik?

Die eerste 11 verse van Romeine 8 herinner ons daaraan dat God ons vryspreek oor dit wat Jesus gedoen het.
Dit is belangrik om dit te onthou wanneer ons verder lees aan vers 12-25.
God maak ons Sy kinders. Dit doen Hy reeds.
Ons het nou kans om te leef soos kinders van God.
Kinders van God leef so omdat hulle wil.
(nie om hulle die kind van God-wees kan verdien nie)
Omdat hulle wil nie omdat hulle moet nie.

Let wel dat hierdie materiaal opgestel is, tydens die COVID-19 *lockdown* van 2020. Die materiaal is dus opgestel met die oog op gesprekke via Whatsapp, Zoom of HouseParty of watter platform op sosiale media jy sou verkies.

Soos altyd glo ons dat die gesprek (die *journey*) belangriker is as die antwoorde (die *destination*). Maak dus ruimte daarvoor dat die gesprek mag afdwaal – ons glo immers dat die Heilige Gees in beheer is van die gesprek, nie ons nie.

Wees veral gereed om eerlik oor jou vrese te gesels. Onthou, ons is almal angstig - omdat die toekoms onsekerder is as ooit. Dis egter juis vir sulke tye wat ons 'n geloof het wat die moeite werd is om aan vas te hou!

Bly naby mekaar - al doen ons die hele *social distancing* ding!

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Wie is die persoon in julle huis wat gewoonlik: kosmaak, skottelgoed was, rekeninge betaal, toeteldiere versorg?

Dink saam oor hierdie persone in julle huis - wat sou hulle antwoord as jy hulle sou vra: hoekom?

Hoekom doen julle hierdie dinge?

word stil

Lees gerus Psalm 17 indien julle tyd het.

Hierdie is 'n psalm van iemand wat God nodig het - soos 'n kind sy/haar ouers nodig het.

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Romeine 8:12-25

Lees veral die Nuwe Lewende Vertaling, Die Boodskap en die Message se weergawes. Dit is gratis op die app YouVersion.

gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

As jy God moes beskryf in jou eie woorde, wat sou jy sê.

Watter beeld / prent sien jy as jy aan God dink?

Die Bybel gebruik verskillende maniere om oor God te praat.
Een van daardie bekende beelde is van God as ons Vader (God as ons Pa.)

Die beeld veronderstel dat ons God se kinders is.

In hierdie teks word daar ook 'n alternatief gebruik. Somige mense sien God as 'n baas en ons mense as slawe.

Kan julle dink aan die verskille in benadering in jou verhouding met God?

As jy aan Hom dink as 'n PA teenoor 'n BAAS.

Kyk of julle verskille kan opnoem.

Slawe werk sodat hulle, hulle baas se guns kan verdien. Slawe werk vir beloning en verwag straf.

Kinders weet hulle hoef nie te bewys dat hulle goed genoeg is nie, kinders verwag dat hulle vergewe sal word wanneer hulle verkeerd doen.

Die Heilige Gees help ook God se kinders hiermee.

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

God se kinders weet dat daar in elke gesin moeilike tye kom.
Dit beteken nie dat God nie meer ons Pa is wat vir ons omgee en sorg nie. Hy is ook in die swaarkry dae by ons. Kyk of julle stories kan vertel van 'n keer toe jy bang was of toe iets baie sleg gebeur het en jy ervaar het dat God toe nogsteeds naby aan jou was en jou gehelp het.

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?

Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis
"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."

Danksegging
"Dankie, vir..."

Bid vir:
- ons land
- ons regering
- vir hulle wat siek is
- vir hulle wat verlang na mense
- vir hulle wat voel dat hulle nie meer kan nie